SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 1 MEI 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

STEM VIR DIE 2022 SARL AJV MOSIES

DIE ZS-SOTA HERFS AKTIWITEITSDAG OP 2 MEI

en

DIE 45STE INTERNASIONALE AMATEUR RADIO-UITSTALLING IN FRIEDRICHSHAFEN

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

STEM VIR DIE 2022 SARL AJV MOSIES

Dankie aan die SARL-lede wat reeds hul stemme vir die 2022 SARL AJV-mosies uitgebring het. As jy nog nie gestem het nie, is daar nog tyd tot 23:59 SAT op Woensdag 4 Mei 2022. Daar is ses mosies om voor te stem, besoek www.sarl.org.za/Web3/ElectronicVoting/Default.aspx om te stem. Jy moet op die blokkie "Ek bevestig dat ek die Mosies hierbo gelys gelees en ten volle verstaan" klik en dan met jou roepsein en wagwoord aanmeld. Die stem opsies is "Ja" of "Nee" of "Weerhou". Volg die instruksies op die stem bladsy en dien jou stem in. Jy sal 'n e-pos ontvang wat bevestig dat jy gestem het. Die proses neem nie lank nie.

RADIO ZS 75-STE HERDENKINGS UITGAWE

Die eerste uitgawe van Radio ZS is in Julie 1947 gepubliseer en die Julie 2022-uitgawe van Radio ZS sal 'n spesiale 75-jarige uitgawe wees. SARL-lede en -klubs word uitgenooi om artikels in te dien vir die Julie 2022-uitgawe van Radio ZS! Wees deel van hierdie spesiale uitgawe! Stuur jou artikel in MS Word, OpenOffice of RTF – Engels (Suid-Afrika) of Afrikaans, Calibri 12 – na radiozs@sarl.org.za teen Vrydag 17 Junie 2022. Tot op hede is geen artikels ontvang nie!

DIE ZS-SOTA HERFS AKTIWITEITSDAG OP 2 MEI

Die Herfs ZS SOTA-dag word op Maandag 2 Mei ('n openbare vakansiedag) gehou en dit is 'n pret dag in die natuur en nie 'n kompetisie nie, elke deelnemer sal 'n Herfsdag sertifikaat ontvang of jy 'n piek geaktiveer of gejag het. Vir aktiveerders is dit pret om te sien of jy piek-tot-piek (S2S) kontakte kan maak met ander aktiveerders en hoeveel jagters jy in jou log kan kry. Die SARL Nuusspan is bewus van 6 pieke wat Maandag op die lug sal wees.

Oorweeg asseblief om jou aktiveringstye te plaas, sodat jagters en ander aktiveerders sal weet dat jy 'n piek aktiveer en hoe laat hulle vir jou moet luister. As jy nie op die SOTA/POTA WhatsApp-groep is nie en bygevoeg wil word, stuur asseblief 'n WhatsApp-boodskap aan Sid by 082 461 3279. Sluit asseblief aan by die pret om 'n piek te aktiveer of om diegene wat dit waag, te jag. Kry al die inligting op bladsy 78 van die 2022 Blou Boek.

DIE MEI 2022-UITGAWE VAN RADIO ZS

Die Mei 2022-uitgawe van Radio ZS is beskikbaar vir aflaai vanaf die SARL-webblad. Jy sal die 2021 SARL Toekennings en Trofeë en die 2021/2022 SARL-jaarverslag in hierdie uitgawe vind. Ons vra die vrae, het ons 'n monster geskep en wat is geraas**?** Dan kyk ons na jong radio amateurs wat die lug aktiveer, die voorbereiding vir 'n ballon lansering deur die Jeugland ARK en 'n ballon lansering deur die Gloversville Skool klub. Daar is 'n plan vir 'n oprol maatband wat in 'n draagbare antenna omskep word en 'n blik op aard- en binding stelsels. In die Museumstuk kyk ons na James Clerk Maxwell en sy vergelykings en die Januarie 1926-uitgawe van Radio. Ons besoek die Cooper-vuurtoring en meer in hierdie uitgawe.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

FRIEDRICHSHAFEN, DUITSLAND GAAN DIE 45STE INTERNASIONALE AMATEUR RADIO-UITSTALLING AANBIED

Na 'n 2-jaar pouse sal amateur radio-aanhangers van 24 tot 26 Junie langs die Bodensee in Friedrichshafen, Duitsland, herenig vir HAM RADIO, die 45ste Internasionale Amateur Radio-uitstalling. Beplanning vir Europa se grootste amateur radio-uitstalling is aan die gang en vanjaar se tema is " Sien Vriende Weer." Terwyl amateurs tydens die COVID-19-pandemie verbind kon bly, het Christian Entsfellner, DL3MBG, voorsitter van Deutscher Amateur Radio Klub (DARC), gesê: "Dit is presies wat ons oor die afgelope 2 jaar gemis het." Hy het verder verduidelik, "Ondanks al die probleme, demonstreer dit hoe waardevol en nuttig die amateur radio-operateur gemeenskap is. Dit is hoog tyd vir persoonlike kontak weer, met die nodige aandag aan die veiligheid van elke individu, natuurlik." Meer inligting oor die 2022 HAM RADIO kan gevind word by www.hamradio-friedrichshafen.com.

KOMPETISIE NUUS

Dit is amper tyd om jou buis radios aan te skakel vir die eerste been van die

ADV Buis QSO Partytjie. Die AM QSO Partytjie word op Saterdag 7 Mei gehou en die ESB QSO Partytjie op Sondag 8 Mei met foon aktiwiteit op 40 en 80 meter.

Op Woensdag 11 Mei moet jy vroeg opstaan om koffie te maak om saam Vroeë Oggendkoffie QSO-partytjie deelneem. Die kompetisie vind op 40 en 80 meter plaas.

En op Sondag 15 Mei is dit tyd vir Suid-Afrika om soveel moontlik stasies in die Noord-Kaap te werk tydens die ZS3 QSO Partytjie. Kry al die kompetisie-inligting in die 2022 Blou Boek.

Dertig logstate is ontvang vir die ZS4 QSO-partytjie wat op Sondag 17 April gehou is. Die volledige stel uitslae kan gevind word in HF Happenings 993.

1ste Dennis, ZS4BS – 110 punte

2de Christie, ZS4CGR - 99 punte

3de Veronica, ZR6TVK/4 - 97 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar nege sonvlekke met eenvoudige tot gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n hoë waarskynlikheid vir die voorkoms van C- en 'n laer waarskynlikheid vir die voorkoms van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 45 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

1 Mei – Werkers Dag

2 Mei – Openbare vakansiedag; Eid al-Fitr en die ZS SOTA Aktiwiteits dag

5 Mei – die sluitingsdatum vir Woord Soek en Klub kompetisie logstate

6 en 7 Mei – die Eta Aquarids-meteoorreën

7 Mei - ADV AM Buis QSO-partytjie en die Pretoria ARK-snuffelmark

8 Mei - Moedersdag en die AWA ESB Buis QSO-partytjie

10 Mei – die nuwe SARL-raad het sy eerste vergadering

11 Mei – die Vroeë Oggendkoffie QSO-partytjie

13 Mei – die sluitingsdatum vir ADV-logstate

15 Mei – die ZS3 QSO-partytjie

16 Mei - Nasionale BBQ Dag en die sluitingsdatum vir Vroeë Oggendkoffie logstate

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Dankie aan die SARL-lede wat reeds hul stemme vir die 2022 SARL AJV-mosies uitgebring het. As jy nog nie gestem het nie, is daar nog tyd tot 23:59 SAT op Woensdag 4 Mei 2022. Daar is ses mosies om voor te stem, besoek www.sarl.org.za/Web3/ElectronicVoting/Default.aspx om te stem. Die proses neem nie lank nie.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Vrydagmiddag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.